

**Johan Claassen
Broers**

(EDMS.) BPK.
Telefoon 3612
POTCHEFSTROOM

MANS-, SPORT- en
KINDERUITRUSTERS

die WAPAD

Amptelike Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

**ENBRITE
ELEKTRIESE MPY.**
(Edms.) Bpk.
Von Wiellighstraat 9B,
POTCHEFSTROOM.

Besoek ons vir elektriese
benodigdhede, hardeware,
vlekvrye staal, porselein-
ware en tafellinne van hoë
gehalte.
Telefoon: 6213

JAARGANG XXII

30 AUGUSTUS 1967

Nr. 19

Samestelling van Studenteraad:

STUDENTERAAD HER- ROEP VORIGE BESLUIT

Nuwe besluit volgens massa se aanbeveling

TYDENS 'n vergadering Maandagaand het die Studenteraad sy vorige besluit oor die samestelling van die Studenteraad herroep. (Berig oor vorige besluit op bl. 3). 'n Voorstel is aanvaar waarvolgens die Studenteraad sal bestaan uit 'n voorsitter (gekies deur die massa), penningmeester gekies deur 'n koudus van die verskillende hoofbesture) en drie verteenwoordigers van elk van die vyf hoofbesture (hoofliggame). Die Studenteraad sal uit eie geledere 'n ondervoorsitter, en 'n sekretaris aanwys, wat saam met die voorsitter, penningmeester en nog 'n lid die dagbestuur van die Studenteraad sal vorm.

Die voorstel het, ten einde deurgevoer te kan word die stemme van tien Studenteraadslede nodig gehad. Op die vergadering is 'n geheime stemming oor die voorstel gehou. Daar was tien stemme vir die voorstel en drie daarteen. Mnr. Callie Coetzee, Dries du Plooy en Koos du Plooy het daarna versoek dat hul teenstemme genotuleer word. Mnr. Gerrit Coetzee het die vergadering weens siekte nie bygewoon nie.

Voor die voorstel tot stemming gebring is, was daar heelwat bespreking. Die lede uit die massa van die kommissie van ondersoek na konstitusionele verhoudinge is gevra om aan die bespreking deel te neem en het 'n spreekstem gekry. Op een stadium het die vergadering in camera gegaan en daarna is die spreekstem aan die kommissielede teruggetrek.

Later op die vergadering is die res van die massa se besluite behandel. Die besluit dat die slaag van die studentehandboekeksamen as enigste vereiste vir die verleen van

stemreg moet wees, is verwerp. Daar is besluit dat slaag van die studentehandboekeksamen sal geld as vereiste van stemreg, maar dat daarbenewens geld: vir die S.S.B. die gewone vereiste van lidmaatskap van 'n klub, vir A.B.K.K. lidmaatskap van 'n onderliggaam, deelname aan 'n interkoshulskonsert en lidmaatskap van sekere komitees van die A.B.K.K.

VERSLAP


Die stemreg vir Korps is sodanig verslap dat almal wat een van die vier vergaderings bygewoon het, vir die bestuur en

die Studenteraadsverteenvoorder kan stem. Persone wat 50% van die massa- en A.S.B.-vergaderings bygewoon het — daar is vanjaar ses vergaderings gehou — kan stem vir die P.N.B. Persone wat vir enige van die hoofbesture stemreg het, kry ook stemreg vir die A.O.B. en die Studenteraadsvoorsitter.


VEREISTES

Die Studenteraad het ook kandidaatsvereistes, soos deur die massa besluit, ingestel. Dit kom daarop neer dat, behoudens uitsonderings, 'n kandidaat vir 'n pos op die Studenteraad tevore lid moes gewees het van die hoofbesture wat hy op die Studenteraad verteenwoordig of van die Studenteraad.

Die nuwe stelsel geld reeds vir die huidige verkiesing. Nominasies vir die Studenteraad en die hoofbesture word ingewag tot Woensdag 6 September om 6.00 nm.



Die Pukke begin na 'n diepe winterslaap om te ontwaak tot die volle realiteit van 'n intensiewe akademiese program. Die eerskomende langnaweek is dan ook die stilte voor die GROOT Storm.



HOOFLIGGAM SAL V R ONTSPANNING SORG

Die Studenteraad het tydens 'n vergadering Woensdag-aand besluit om 'n Algemene Ontspanningsbestuur wat sal fungeer as hoofliggaam van die Studenteraad, te stig. Die bestuur sal die funksies van die huidige ontspanningskomitee oorneem.

Die bestuur sal uit ten minste die volgende komitees bestaan: karnavalkomitee, diskoteekkomitee, filekkomitee, fietsresieskomitee en „sing-songs“-komitee.

Twee verteenwoordigers sal op die Studenteraad dien. Die bestuur sal, benewens die twee persone, bestaan uit 'n voorsitter, ondervoorsitter, sekretaris, penningmeester en 'n verdere tien lede. Die bestuur sal self komitees benoem.

Die besluite is geneem na aanbevelings wat op 'n onlangse massavergadering aanvaar is.

Daar is nog nie besluit oor die wyse van verkiesing van die nuwe bestuur nie.

Wapad verskyn

Weens die verkiesing sal die volgende uitgawe van Die Wapad op Vrydag 8 September verskyn. Dit sal die laaste uitgawe van die termyn wees.

POLITIES-NASIONALE BESTUUR GESTIG

'n Polities-Nasionale Bestuur sal in die lewe geroep word volgens 'n Studenteraadsbesluit wat Woensdag-aand geneem is. Die bestuur sal as terrein van werksaamhede hê o.a. binnelandse en buitelandse sake en Afrika-aangeleenthede. Die bestuur sal twee verteenwoordigers op die Studenteraad hê.

Die bestuur sal bestaan uit 'n voorsitter-, ondervoorsitter, sekretaris, penningmeester en ses lede, benewens die twee Studenteraadsverteenvoorder.

STUDENTE KRY PEETOERS

Die Universiteit van Oxford beplan 'n peetskapstelsel waarvolgens 'n nuweling in staat sal wees om hulp en raad te ontvang van 'n seniorstudent wat spesiaal oor hom aangestel is vir die doel. Volgens dr. S. Spencer, sielkundige by United Oxford Hospitals, word so 'n stelsel heel hoofsaaklik om-

Die besluite is geneem volgens aanbevelings wat deur die kommissie van ondersoek na die konstitusionele verhouding tussen die Studenteraad en studentemassa gedoen is en op 'n onlangse massavergadering aanvaar is. Die aanbeveling dat gedentraliseer sal word tot gespreksgemeenskappe is ook aanvaar.

Nog geen verdere besluite is in die verband geneem nie.


S.R.-BESLUIT

Met die herroeping van sy vorige besluit en die aanvaarding van die nuwe besluit, het die Studenteraad baie meer ooreenkomstig die massa se besluit opgetree as aanvanklik. Behalwe vir die stemregkwessie, waar egter wel veranderinge ingetree het en die ander kleiner punte is die massabesluite nou aanvaar.

Ten opsigte van die bevoegdheid van die Studenteraad en die verantwoordelikheid van die Studenteraad aan die Raad van die P.U. en aan die studentemassa is nog geen besluite geneem nie. Dit is wel duidelik dat die saak ondersoek sal word.

Deur die herroeping van die besluit, verval die belangrikste besware wat in die hoofartikel op bl. 3 geopper word. Aangesien dit onmoontlik was om die artikel op die stadium te wysig, moet dit gepubliseer word, benewens die berig op bl. 3, wat egter van belang bly omdat dit die vorige besluit van die Studenteraad weergee.

HOOFREDAKTEUR



AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
BULT-APOTEEK

GESKENKE
POTTEBAKKERY
HUIWELE

TOMSTRAAT
88B & C

FOON
5042 2277

Met komplimente van
A J A X
(Edms.) Bpk.
BOEKE —
SKRYFBEHOEFTE

die WAPAD

30 AUGUSTUS 1967

**GISELA
MAIWALD**

Fotograaf en
Fotografiese
dienste.

TOMSTRAAT 100
POTCHEFSTROOM

BOUQUET
BLOEMISTE,
STADSENTRUM,
Tel. 6575.

**GROSVENOR
MOTORS**

LOMBARDSTRAAT 47
KERKSTRAAT 69
TELEFOON: 4351/2/3

GEMAGTIGDE

—FORDHANDELAARS—

ANGLIA — CORTINA —
CORSAIR — ZEPHYR —
ZODIAC — FAIRLANE en
GALAXIE

Asook:

Vespa

en

Lambretta

BROMPONIES

VIR AL U APTEKERS- EN
FOTOGRAFIESE
BENODIGDHEDE
BESOEK:

**APTEKERS
J. P. VAN DER
WALT**

(EDMS.) BPK.

Kerkstraat 118
Potchefstroom

TELEFOON: 3237

DIE BULT

**DAMES
HAARKAPPERSALON**

ons spesialiseer...

Tomstraat 86A

Tel. 5527

JAMMER

Hoewel die - Studenteraad verskillende van die aanbevelings van die massa oor konstitusionele verhoudinge aanvaar het, is een van die kardinale punte, wat handel oor die samestelling van die Studenteraad, verwerp.

Die besluit is 'n groot slag vir die beplanning van die kommissie van ondersoek na konstitusionele verhoudinge. Die kommissie het in sy verslag in breë trekke 'n nuwe struktuur vir die georganiseerde studentelewe opgestel. Die aanbevelings van die kommissie, wat almal deur die massa aanvaar is, was gerig op die totstandbrenging van die nuwe struktuur. Met die genoemde Studenteraadsbesluit word een van die hoekpilare waarop die struktuur rus, omvergewerp. Ander kardinale sake soos die stemregkwessie hang nou hiermee saam en in die lig van die reeds aanvaarde besluite is dit onwaarskynlik dat die Studenteraad die massa se aanbevelings in die verband sal aanvaar. Die nuwe struktuur kan dus nie totstand kom nie.

Dit is jammer dat die Studenteraad 'n besonder belangrike saak nou byna oorhaastig moet afhandel. Nadat die kommissie lank besig was voor 'n verslag uitgebring is, het die Studenteraad ook nie baie vinnig hierop die nodige vergaderings belê nie.

Hierby kom dat die Studenteraad genoeg het om die hele saak in 'n enkele vergadering af te handel, waar ook toe nog nie alle lede volkome insig in die opset van die kommissie se verslag gehad het nie. Deur die uitting van

enkele stemme na 'n kort bespreking is die aanbevelings van 'n kommissie wat maande deeglike studie gedoen het, en wat met 'n groot meerderheid op 'n massavergadering aanvaar is, sonder meer verwerp. Van enkele ander aanbevelings wat slegs na lang bepeinsing deur die kommissie gedoen is, is eenvoudig net afgestap.

Dit word nie hier bedoel dat die kommissie se verslag as die enigste moontlike redding vir alle probleme aanvaar moet word nie. As ons kyk na die metode van behandeling daarvan, kan werklik gesê word dat die kommissie se verslag 'n beter lot verdien het.

Ook word hier nie beweer dat die Studenteraad in gebreke bly om aan dringende wense van die massa te voldoen nie. Die massa se belangstelling in die saak is nie baie groot nie. So was daar nie eers een besoeker uit die massa op die belangrike Studenteraadsvergadering teenwoordig nie. Dit neem egter nie die groot verantwoordelijkheid wat op die Studenteraad rus, weg nie.

Ten slotte moet daarop gewys word, dat, al word die kommissie se beplande struktuur nie verwesenlik nie, sekere fragmente wel uitgevoer sal word. Dit sal na alle waarskynlikheid 'n positiewe uitwerking, al is dit in beperkte mate hê. Die kommissie se werk was dus nie heeltemal te vergeefs nie. Dit bly ook nog steeds moontlik dat die aanbevelings later nog ten uitvoer gebring sal word.

POLITIES-NASIONAAL

Terwyl die rede vir die instelling van 'n hoofliggaam om ontspanning te behartig vir ons almal duidelik genoeg behoort te wees, is opheldering oor die stigting van 'n bestuur vir polities-nasionale sake noodsaaklik.

Soos van die naam afgelei kan word, sal die liggaam hoofsaaklik beweeg op die terrein van die staatkundige, spesifieke Suid-Afrikaanse aangeleenthede. Dit beteken nie dat die bestuur hom met partypolitiek gaan besig hou nie. Dit gaan hier, uitgaande van die Christelike beginsels, om bevordering van vaderlandsliefde en kennis van die algemene staatkundige posisie en belange van die Republiek.

Die gedagte vir die stigting van die bestuur is gebore uit die funksies wat die ou A.S.B. hoofliggaam en later die plaaslike A.S.B.-komitee hier vervul het. Aangesien die A.S.B. 'n landswye bond met Studenterade as lede is en daarby wyer oogmerke het as bevordering van die polities-nasionale belange is, dit ongepas dat die funksies onder die naam van die A.S.B. behartig word.

Dit sou onjuis wees om te

denteraad bly die plaaslike A.S.B.-tak met 'n eie A.S.B.-komitee.

Ook is dit nie die bedoeling dat die nuwe bestuur nou rustig sal voortgaan op die wêre wat die ou A.S.B.-hoofliggaam bewandel het nie. Dit het 'n veel groter taak.

Daar bestaan onder die P.U.-studente 'n groot gebrek aan kennis omtrent landsake Daar is ook 'n groot leemte wat betref die viering van nasionale feesdae en bevordering van vaderlandsliefde in die algemene.

Die nuwe bestuur kan goeie werk doen deur besprekings te reël onder groepies studente oor landsake, kennis oor politieke sake te versprei en herdenkingsbyeenkomste te reël. Samewerking kan hier gesoek word met verskeie organisasies, soos die Sentrum vir Internasionale Politiek, die Instituut vir Afrikanistiek en Bantoesistiek en verskillende universiteitsdepartemente.

Ons het hier dus te doen nie met 'n A.S.B. in nuwe gewaad nie, maar met 'n heeltemal nuwe liggaam op 'n heel ander lees geskoei. Dit is 'n uitdaging om van die nuwe liggaam 'n sukses te maak.

In U Lig

PSALM 96.

DIE REGTER KOM

Sing tot eer van die Here 'n nuwe lied; sing voor die Here, o o ganse aarde!

Sing tot eer van die Here, loof Sy Naam, verkondig Sy heil van dag tot dag.

Vertel onder die nasies Sy eer, onder al die volke Sy wonders. Want die Here is groot en baie lofwaardig; Hy is gedug bo al die gode.

Want al die gode van die volke is afgode, maar die Here het die hemele gemaak.

Majesteit en heerlikheid is voor Sy aangesig, sterkte en sieraad in Sy heiligdom.

Gee aan die Here, o geslagte van die volke, gee aan die Here eer en sterkte.

Gee aan die Here die eer van Sy Naam, bring offers en kom in Sy voorhowe.

Aanbid die Here in heilige gewaad; beef voor Sy aangesig, o ganse aarde!

Sê onder die volke: Die Here is Koning! Ook staan die wêreld vas,

sodat dit nie wankel nie. Hy sal die volke regverdig oordeel.

Laat die hemele bly wees en die aarde juig; laat die see en sy volheid bruis.

Laat die veld juig en al wat daarin is; dan sal al die bome van die bos jubel voor die aangesig van die Here; want Hy kom om die aarde te oordeel; Hy sal die wêreld oordeel in geregtigheid en die volke in sy trou.

= Deur My Lens =

Aangesien my gewildheid in hierdie rubriek so onrusbarend toegeneem het in die loop van die jaar, wil ek vandag basies en eenvoudig besin oor styl. Die hartstog en wese van styl. Omdat ons mekaar net in woorde ken... (hoe jammer eintlik!), omdat woorde so maklik, so bitter maklik aanleiding kan gee tot verkeerde interpretasies — tot wanveronderstellings, tot vooroordele, ja, selfs tot haat en verdagmakery — tot ketterjagtery.

PRIKKELEND

'n Rubrieksrywer probeer altyd dinamies en prikkelend wees. Die mense waarvoor hy skryf moet dink — oorspronklik dink. Hulle moet die implikasies wat in elke woord en frase lê, logies ontleed — op soek na die naakte feit in elke insinuering. Ons moet waak daarteen om alles te verbloem onder die dekmantel van „broers in een enkele overtuiging.” Laat ons wel soos opgevoede en intelligente mense redeneer oor aktuele sake. Alleen so sal ons as studente 'n ewewigtig-kritiese en gesonde geesteslewe opbou.

KRITIES

In die eerlike gesprek is alleen dit ontoelaatbaar wat indruis teen die karakter en gees van hierdie universiteit met sy unieke belydenis en spesifieke mense wat persoonlik benadeel kan word. Maar laat ons ontleedend en groot wees om daardie belydenis lewend te hou, ook in ons interstudenteverhoudings.

Kritiese en bewuste selfondersoek, daaglik, kan alleen lei tot groter insig en wysheid — ook tot beter begrip van die skeppende woord.

Ek glo dat ek hier die spel speel volgens die „reëls van die spel” met al die variasies en verweefdheid rondom 'n woord in sy bewuste loyaliteit en subtiliteit. Ek was nog nooit duister en ondermynend nie. Om nie eers te praat van gesog nie.

NOODSAAKLIK

Maar dis goed en mooi om te besin. Niks wil (ek praat nog steeds oor styl!) ware en finale

latief en voorlopig — soos ons ten dele ken. Die eerlik-kritiese gesprek is so noodsaaklik soos eet en slaap!

REFLECTOR

**Ons
Flitsgedagtes**

VLOEK

Ons studente vloek. Ons vloek gereeld. Ons vloek uit gewoon-te. Ons vloek grof.

Toegegee — in 'n mannege-selskap gebruik jy nie allerlei gekamouflleerde woordjies as jy jou sê wil sê nie. Ons noem 'n ding op sy naam. Dis nie noodwendig vloek nie, maar dit kan soms baie grof wees. Toegegeen — daar is „verswakte” vloekwoorde wat al deel van die elkedag-se taal geword het om die klem so 'n bietjie sterk te lê. Dit maak soms 'n gesprek, soos kruie se skerp smaak prikkel dit die hoorder op 'n aangename wyse. Hierdie „verswakte” woorde kan egter ook baie hinderlik wees, veral as dit in oormaat gebruik word.

Ons praat nie eers van die lasterlike rondgooi van die naam van die Here nie — ons is dankbaar dat dit op ons kampus skaars is. Ons moet 'n bietjie ontmaskeringswerk doen. Die vloeker (uit gewoonte of opsetlik) voel dikwels dat sy krag en manlikheid bewys word deur sy „onverskrokke” taal. In werklikheid is die vloeker 'n swakkeling: hy mis die Godsvrees, die selfbeheersing, die respek vir die naaste en die Christelike lewensstyl. Sy vloektaal openbaar sy gebrek aan verfynde smaak en beskaafde ontwikkeling. Die Sielkunde beweer selfs dat die meeste vloekers selfvertroue mis en gekwel word deur minderwaardigheidsgevoelens.

Moet ons nie daadwerklik die vieslike taal onder mekaar bestry nie?

Terwille van die beskawing en die bekering!

VERKIESINGSTYD!



Ons Lesers Skryf

„MAAK KOUES WARM“, SÊ PUK

Geagte Redakteur:— In antwoord op die brief „C.H.O. Beteken Stryd“ in Die Wapad van 16 deser, die volgende. Die feit dat daar wel reaksie op my brief gekom het, stem my tot diepe dankbaarheid, want dit bewys aan my dat daar wel nog diegene is „wat werklik nog sin het in die bevordering van C.H.O.“

Oor die konsolidasie van die eenders-denkenes is ek die skrywer eens, maar ons moet waak teen isolasie en daarom bepleit ek dat elke Puk hom moet besin. Veral sal elkeen hom moet besin oor aan watter kant hy hom gaan skaar. Ek het dit juis teen die studente wat dit vir sy „sosiale behoefte“ nie meer nodig vind om te wys dat hy Christen is nie.

In die moderne gesekularistiese samelewing waarin ons leef, sal dit dan daardie gekonsolideerde groep se taak wees om sy lewensbeskouing en beginsels te moet uitdra en veral die koues se siel te bereik. Daarom moet ons in eie geledere begin om die „koues“ warm te maak! Laat ons leuse in hierdie saak wees: „Reg of Weg.“

BEN VAN JAARVELD

A.S.B. Komitee ondergaan 'n gedaantewisseling

Die A.S.B.-komitee van die Studenteraad sal van gedaante verander, volgens 'n besluit wat Woensdagaand op 'n Studenteraadsvergadering aanvaar is. Volgens die besluit sal die voorsitter van die Studenteraad optree as voorsitter van die komitee.

Die sekretariële en finansiële werk van die komitee sal onderskeidelik deur die sekretaris en die penningmeester van die Studenteraad behartig word.

DIREKTEURE

Die direkteure vir binnelandse en buitelandse aangeleenthede en Afrikasake sal uit die geledere van die Polities-Nasionale Bestuur benoem word. Die direkteur van kulturele sake kom uit die geledere van A.B.K.K. en die direkteur vir studie en navorsing uit Korps V.V. Die direkteur van publikasies word aangewys uit die Wapadredaksie en die direkteur van toere uit die Algemene Ontspanningsbestuur. Alle lede word deur die

SO SAL S.R. LYK

Die gewentien lede waaruit die Studenteraad vanaf volgende termyn sal bestaan, is: Voorsitter, Penningmeester, Drie verteenwoordigers van elk van die volgende besture: Korps Veritas Vincet, (K.V.V.) Algemene Bestuur vir Kuns en Kultuur (A.B.K.K.), Sentrale Sportbestuur (S.S.B.) Polities-Nasionale Bestuur (P.N.B.), Algemene Ontspanningsbestuur (A.O.B.), 'n Ondervoorsitter en 'n sekretaris word deur die studenteraad uit die verteenwoordigers gekies.

PARADISE RESTAURANT

Dié kafee op Die Bult . . .

dié kafee waar studente hul

koeldrankie drink,

EN SNOEKER SPEEL!

BESTELLINGS VAN DAMESKOSHUISE WELKOM.

Tomstraat 86

Tel. 5474

S. R. se samestelling gewysig:

Massa se aanbeveling verwerp

DIE volgende Studenteraad sal in verskeie opsigte anders saamgestel wees as die huidige, volgens besluite wat op 'n onlangse Studenteraadsvergadering geneem is. Tydens die vergadering is die besluite wat tydens 'n massavergadering geneem is oor die konstitusionele verhouding tussen die Studenteraad en die massa, behandel.

Die besluite is deur die massa aanvaar na aanleiding van die verslag van 'n kommissie van ondersoek wat deur die massa aangestel is. Besluite van die massa geld as aanbevelings vir die Studenteraad.

Op die Studenteraadsvergadering is 'n voorstel wat ingehou het dat die dagbestuur van die Studenteraad nie meer deur die studentemassa aangewys word nie, maar deur die Studenteraad uit eie geledere saamgestel word, verwerp. Hoewel die voorstel 'n meerderheid van stemme behaal het, het dit nie die steun gekry van tien lede nie, wat vereis word in die geval van besluite wat konstitusionele wysigings meebring.

VERVAL

Deur die verwerping van die voorstel, het verskeie ander besluite van die massa wat uit die voorgestelde veranderde samestelling van die Studenteraad voortspruit, verval. Die Studenteraad het die massa se besluite ten opsigte van die instelling van 'n Polities-nasionale Bestuur (P.N.B.) en 'n algemene ontspanningsbestuur (A.O.B.) aanvaar. (Lees berigte elders op die bladsy).

DAMESVERTEENWOORDIGSTER

Volgens besluite wat op die Studenteraad geneem is, sal die huidige samestelling van die Studenteraad behoue bly, behalwe vir die twee lede belas met A.S.B.-sake en die damesverteenvoordigster, wat verval. Die P.N.B. en die A.O.B. sal elk twee verteenwoordigers op die Studenteraad aanwys, sodat die

Studenteraad voortaan uit vyftien lede sal bestaan.

VERKIESING

Geen besluit is nog geneem oor die massa se aanbevelings ten opsigte van die verkiesing van die Studenteraad nie. Op die massavergadering is 'n besluit aanvaar waarvolgens alle studente wat in die studentehandboekseksamen geslaag het, vir die

Studenteraad kan stem en dat sekere kwalifikasies vir kandide vir die Studenteraad gestel word. Na verwagting sal die Studenteraad vanaand hieroor besluit.

Die drie lede uit die massa wat op die kommissie van ondersoek gedien het, is gevra om die onlangse Studentevergadering by te woon. Hulle is geleentheid gegee om aan die bespreking deel te neem. Geen besoekers was op die vergadering teenwoordig nie.

NEDERLANDSE FILOSOOF BESOEK P.U.

Prof. dr. H. van Riessen, hoogleraar in die Wysbegeerte aan die Vrije Universiteit van Amsterdam en outeur van die bekende boek „De Maatskappij der Toekomst“ besoek die P.U. vir C.H.O. van die 24 September tot 6 Oktober.

Prof. Van Riessen wat die Republiek onder beskerming van die Nederlands Zuid-Afrikaanse Kultuurverdrag besoek, sal aan die P.U. verskeie instansies oor verskillende onderwerpe toespreek.

Die besoeker sal voor studente en dosente in Wysbegeerte, Sosiologie en Etiek en Logika optree. Hy spreek ook 'n saamtrek van J.V.'s toe op Sondag 1 Oktober om 3.00 nm. in die Ou Teologiese Skoolsaal. Ook die A.C.B. en die Instituut vir die Bevordering van die Calvinisme kry op 5 Oktober die geleentheid om na prof. Van Riessen te luister.

Die Staatsleer-studente sal deur prof. Van Riessen toegesprek word oor „Christelike Politiek“ op Maandag 2 Oktober.

'n Volledige program van prof. Van Riessen se besoek aan die P.U. sal in die September-uitgawe van Perspektief, die tydskrif van die Dept. Wysbegeerte, verskyn.

OORKONDE

'n Oorkonde sal op 7 September namens die A.S.B. aan die Eerste Minister, adv. B. J. Vorster, oorhandig word deur die A.S.B.-hoofbestuur.

Die oorkonde sal aan al die Afrikaanssprekende universiteite gestuur word vir ondertekening deur alle Afrikaanse studente. Die doel van die oorkonde sal wees om aan die Eerste Minister dank te betuig vir wat hy vir die Afrikanersaak gedoen het.

Die oorhandiging vind plaas n.a.v. 'n kongresbesluit van verlede jaar.

JAAP MARAIS PRAAT BY J.V.-KAMP

Tydens die langnaweek van 2—4 September 1967 vind die jaarlikse Transvaalse J.V.-kamp plaas op die J.V. kampsterrein Oukraal, aan die Pienaarsrivierdam naby Pretoria.

Die tema vir die kamp is „Massakommunikasie as Magtige Beïnvloedingmiddel.“ Referate oor die dagbladpers, die film en die bioskoop en oor die Afrikaanse Letterkunde sal gelewer word. Die referate sal na verneem word, deur mnr. Jaap Marais L.V., mnr. J. Botha, direkteur van die Filmraad, en prof. Helberg gelewer word.

Behalwe dat daar onder die J.V.-lede self groot belangstelling bestaan vir die kamp, word verneem dat heelwat Perswetenskap-studente die kamp gaan bywoon.



Dit is die snit wat tel...

- * Alba Broeke
- * Mentone Pakke
- * Monatic Hemde
- * Battersby Hoede
- * Gregory Sokkies

J. TOD SUTTIE

Volledige Mansuistrusters en Sporthandeiaars

Posbus 219 — Tel. 3411
Kerkstraat 177
POTCHEFSTROOM

Dept. Spraakleer en Drama oer „Moeder Hanna” op

MET die verfrissende en nuwe aanbieding van Thornton Wilder se „Ons Dorp” deur die departement Spraakleer en Drama onder regie van Jacques Loots nog vars in die geheue kom die nuus dat hierdie wakker departement nou besig is met die instudering van sy eerste eie Afrikaanse aanbieding naamlik Bartho Smit se drama „Moeder Hanna.”

Die speleiding word dié keer behartig deur die hoof van die departement Spraakleer en Drama, Teuns Botha, en die naamrol word vertolk deur Lottie van Rensburg. Ander bekende spelers aan wie belangrike rolle toegesê is, sluit in Abri le Roux, Elbie Standring, Louw le Roux en Louis Stander.

In die voorprogram word N. P. van Wyk Louw se pragwerk „Raka” deur derdejaarstudente van dié departement aangebied. Die stuk word geregisseur deur Teuns Botha en Cecile Malan.

Dit is verblydend dat die departement nou sy eerste inheemse stuk aanbied — ’n stuk wat in skrilte kontras staan met Antigone en Ons Dorp — twee dramas deur buitelandse dramaturge

TEMA

Die tema van Moeder Hanna word deur die skrywer, Bartho Smit, soos volg saamgevat:

„Moeder Hanna kan vanuit twee totaal verskillende gesigspunte geïnterpreteer word:

„Aan dié een kant probeer dit die wording en wese van die Boerenasie in ’n simbool daarstel — soos Totius dit in sy beeld van die doringboomple gedoen het, en dit wil in die karaktertekening en woordgebruik die Boer — daardie besondere vorm van menswees wat tans besig is om te verdwyn — in

die Afrikaanse Letterkunde vaslê

DOODSPROBLEMATIEK

Aan die ander kant is dit ’n filosofiese eksperiment in die moderne doodsproblematiek —

’n probleem wat in die hedendaagse wysbegeerte uiters aktueel geword het.”

Die opvoering geskied vanaf 5 tot en met 9 September om 8.15 nm. in die Totiusaal. Na die toeloop wat gedurende die laaste paar aande van die Ons Dorp-aanbieding ondervind is, word teatergangers aangeraai om vroegtydig hulle plekke by Pro Rege te bespreek.

GALA-PREMIERE WAS LUISTERRYK

Die gala-première van die balletfilm „Romeo and Juliet” het die afgelope week met groot luister in nege verskillende sentrums in die Republiek plaasgevind. Die opbrengs van die première is ten bate van die P.U. se ontwikkelingsfonds.

Verlede Dinsdagaand is die film in teaters in Pretoria, Johannesburg en Kaapstad vertoon. By die première in die Plaza in Pretoria het die kanselier, sen Jan de Klerk as gasheer opgetree. Onder die gaste was die Eerste Minister en mev. Vorster, verskeie kabinetslede en die Kommandant-generaal van die Weermag en mev. Hiemstra.

STAATSPRESIDENT

In Johannesburg het die rektor en mev. Bingle o.a. die waarnemende Staatspresidentspaar en die burgemeester van Johannesburg ontvang.

Donderdagaand is die film in Bloemfontein, Durban en Port Elizabeth vertoon terwyl inwoners van Windhoek, Potchefstroom en Klerksdorp gisteraand die geleentheid gehad het om die première by te woon.

VOORPRENT

Saam met die rolprent, waarin Margot Fonteyn en Rudolf Nureyev saam met die Koninklike Balletgeselskap optree, word ’n voorprent oor die P.U. vertoon.

KUNSGESELSE

Ons hardloop almal van die tyd en die dood af weg; en die een, soos die ander, slaag nooit volkome om homself te wees nie. Miskien is dit die rede waarom sommiges in die kuns ’n soort „ewigheidstroos” wil gaan vind, miskien is dit waarom sommiges hulleself in die kuns wil gaan herontdek. Kuns, ware kuns en groot kuns, het immers ’n kontemporêrheid en as kuns bly dit geldig vir die nou van elke oomblik of tydskuur wat mag volg.

VERLEë

Die mens, maker en waardeerder van die kuns, is eindig. En so bly hy eindig in hierdie bedeling, na wat hy in sy onvermoëndheid is. Hy staan verlee voor sy eindigheid. Daarom is hy voortbrenger en produseerder, daarom wil hy voortlewe in sy nalatenskap. En dit moet so — want hy kry die opdrag om „die tyd uit te koop.” So is sy kuns dan: vir die tyd waarin hy lewe. In ’n sekere sin kan die grootheid van die kuns getoets word aan die tyd, want groot kuns transendeer een tyd na ’n volgende tyd, onbepaaldelik in die tyd van die toekoms in.

ERE

Omdat die mens beperk is in sy visie, in sy maaksel, in sy lewe, trag hy om „dieper” te gee om ’n boodskap te bring wat bo elke tyd uitgaan. Daarom is elke groot kuns in ’n sekere sin religieuse kuns. En hierin lê vir die Christen ’n oorwinning: dat die kuns vir hom tot ere van God kan wees en moet wees. Dat ook daaruit tot hom die onnoembare Naam van die God van die Bybel kan spreek, en dat elke ware kunswerk aan hierdie ere meedoen en in sy wese ’n durende lied sing tot ere van

God as die ewige Heerser van die onverstanebare Heelal.

C. J. S.

TUKKIES KRY SLEEPBURO

Die Tukkies het ’n sleepburo gestig. Die taak van hierdie instelling is glo om asterlose ouens en ouenslose asters te help om uitgaanmaats te vind.

Die mans is blykbaar heeltemaal tevrede met die gehalte dames wat die sleepburo voorsien, maar die meisies sê hulle is maar bra versigtig vir die buro. Dit skep glo die indruk van ’n huweliks-buro en dan dink die manne dalk hulle soek mans!

Die eerste- en tweedejaars onder die asters stel hulself graag beskikbaar vir sleep, maar die oudames wil nie eintlik byt nie.

—DIE PERDEBY

Slegs 15 staan vir Matie-S.R.

Slegs vyftien kandidate is genomineer vir die Studenteraadsverkiezing op U.S. Die Studenteraad bestaan uit twaalf lede. Van die vyftien kandidate is vyf voorgestel deur mnr. Viccie le Roux, aftredende Studenteraadsvoorsitter, en drie deur mnr. Boy Geldenhuys, oud-president van die A.S.B.

U.P.E. MOET VERSKUIF

Die Universiteit van Port Elizabeth sal eersdaags moet trek. Die tempo van uitbreiding is so snel dat die huidige fasiliteite al klaar hopeloos ontoereikend is. Vroeg in 1970 sal die hele universiteit hopelik kan verskuif na ’n terrein van 1000 morge by Driftsands.

Op die oomblik gebruik die universiteit omboude kantoorgeboue, losieshuise en geboue van die Rhodes-Universiteit se ou tak in Port Elizabeth.

FLIEKS!

POTCH. INRYTEATER

WOENS. 30 en DON. 31 AUG.,
om 7.00 nm.

VRY. 1 en SAT. 2 SEPT.,
om 9.00 nm.

CARRY ON SCREAMING
(Persone 4—12 nie toegelaat nie).

VRY. 1 en SAT. 2 SEPT.,
om 6.45 nm.

BIG DEAL AT DODGE
CITY

HENRY FONDA
JOANNE WOODWARD

GRAND TEATER

DON. 31 AUG. VRY. 1 SEPT.,
2.15 nm. en 8.00 nm.

Walt Disney's

THAT DARN CAT
HAYLEY MILLS
DEAN JONES

MAAN. 4 en DINS. 5 SEPT.
THREE ON A COUCH
JERRY LEWIS
JANET LEIGH

WOENS. 6, DON. 7, VRY. 8,
SAT. 9 SEPT.

WHO'S AFRAID OF
VIRGINIA WOOLF
ELIZABETH TAYLOR
RICHARD BURTON

(Persone 4 tot 21 nie toegelaat nie).

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

Boeke vir Studie en vir

Ontspanning

PRO REGE-PERS BPK.

„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL”

Kerkstraat 91—95

Telefoon 5236/4944

H/v. Tom- en Borchardstraat

Telefoon 3431

POTCHEFSTROOM



Ry in die WAPAD

met 'n TRAPFIETS
'n MOTORFIETS

van

PARK FIETSWINKEL

Van Riebeeckstraat 81 en Kerkstraat 77.
SUZUKI'S HONDA'S B.M.W.
Onderdele — Herstelwerk




SUZUKI SPORT 50
MODEL M15-5

INSLEEP!

WAARHEEN ALMAL
SLEEP

Koshuisbestellings: 6039



Bostaande foto, geneem by die Potchefstroomse Dam, is afgedruk deur 'n lid van die pasgestigte fotografiese vereniging. Die vereniging tel tans ongeveer twintig lede. Die vereniging het fasiliteite vir die afdruk en ontwikkel van foto's en beoog om belangtelligendes in die fotografiekuns met raad en hulp te bedien.

IN DIE VOETPAD

DEUR RONDELOPER

Na 'n tyd van opwinding en bedrywigheid het dinge selfs op Tarentaal 'n meer rustige wending geneem. So rustig dat, so verneem ons, 'n voornemende doktorsgraadstudent in die Sielkunde die volgende as titel van sy tesis gekies het: „Die Skie-like Opvolging van 'n Tydperk van Sosiale Drukke deur 'n Tydperk van Akademiese Bedrywigheid as 'n Faktor in die Emosionele Stabiliteit en Lewensblyheid van die Normale Voorgraadse Student.”


SNERT

Dood is alles darem nie op die Tarentaalse kampus nie. Waarborg genoeg hiervoor is die feit dat ons weer midde in die era van verslae staan. Die Voet-

pad verneem uit sy gewone dat daar tans beoog word om 'n nuwe hoofliggaam onder die studenteraad te inkorporeer. Dit sal bekend staan as SNERT (Studiegroep vir Nasionaal-Ekonomiese Radikale Tendense). Al wat glo nog nodig is, verneem ons, is om vas te stel waarmee SNERT hom sal besig hou.

SOSIAAL

En te midde van al hierdie beooringe gaan die sosiale lewe op Tarentaal van krag tot krag. Daar is glo soveel sukses behaal met die premiere van 'n rolprent ten bate van die T.U. se ontwikkelingsfonds, dat die dames maar hulle aandrokke vir meer geleentheid kan reghou.



In Dawie Doep-Suid se koshuiskafee, — 'n toneeltjie uit die goeie ou tyd? Die owerhede het 'n einde gemaak aan die bestaan van sodanige kafeetjies.

Foto: Izak Bekker.

OWERHEDE REËI EKSAMENS NOU SO:

Nuwe reëlings is deur die universiteitsowerhede bekend gemaak in soverre dit aanvullings- en hereksamens betref. Ten opsigte van hereksamens word bepaal dat 'n student van aanstaande jaar af slegs tot 'n hereksamen aan die einde van die jaar toegelaat sal word indien hy 'n slaagsyfer in die vak het.

'n Uitsondering bestaan waar die betrokke vak die enigste uitstaande vak vir die voltooiing van die graad of diploma is, in welke geval die Fakulteit kan besluit dat die ou jaarsyfer sal geld.

Dit is egter veral in die geval van aanvullingseksamens waar die groot „toegewing” gemaak word.

AANVULLINGSEKAMENS

Om toegelaat te word tot 'n aanvullingseksamen in Februarie moet 'n kandidaat 'n minimum van 40% behaal in die jaarsyfer en die eksamensyfer, met 'n gemiddelde finale eksamenpunt van 45% in jaarsyfer en eksamensyfer. As 'n student byvoorbeeld 'n jaarsyfer van 40% behaal het, moet hy in die eksamen minstens 50% behaal om 'n gemiddelde eindsyfer van 45% te verkry.

'n Kandidaat moet voort minstens in een vak slaag om tot 'n aanvullingseksamen in hoogstens twee vakke toegelaat te word.

BYVAKKE

Waar 'n student slegs een vak kort om sy graad te voltooi, kan 'n aanvullingseksamen aan hom in die betrokke vak toegestaan word, met dien verstande dat hy in die onmiddellik voorafgaande eksamen 40% behaal het.

sonder inagneming van die jaarsyfer.

Hierdie reëling geld net byvakke.

HOOFVAK

Wanneer 'n student in een hoofvak sak, kan aan so 'n student 'n aanvullingseksamen in die vak toegestaan word mits dit die enigste uitstaande vak is om 'n graad te voltooi. In hierdie geval geld dieselfde voorwaardes soos vir 'n gewone aanvullingseksamen, nl. 'n minimum van 40% in die jaarsyfer en die eksamensyfer, met 'n gemiddelde van finale eksamenpunt in jaarsyfer en eksamensyfer van 45%.

B.A.-STUDENTE KAN BEURSE VAN RAAD KRY

Met ingang van die 1968-akademiejaar sal beurse tot R300 elk aan studente wat die B.A.-graadeksamen, of die vak waarin hulle wil spesialiseer, met minstens 60 persent geslaag het aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit, beskikbaar gestel word. Hierdie beurse geld vir B.-Honneursgrade in die sosiale of geesteswetenskappe.

Die voorwaardes aan die beurs verbonde is dat die beursouer die graad waarvoor die beurs toegeken is moet slaag aan die einde van die akademiese jaar waaraan die beurs toegeken is.

Die Afrikaner en leierskap

VERSKEIE navorsers het al probeer vasstel wat nou eintlik leierskap teweegbring. Soveel navorsing daar was, soveel standpunte bestaan daarvoor. Wat baie duidelik is, is dat sekere eienskappe nie vasgepen kan word en 'n leier daarin geforseer word nie.

Hoe dit ookal sy, die Afrikaners het ook leiers. Leiers op verskillende terreine, maar op een terrein is daar soms meer as een leier. By laasgenoemde ontstaan daar verskeie probleme.

Sommige leiers is selfsugtig en kortsigtig en probeer die Afrikaner na hulle begeertes buig. Dit is hulle wat voorgee dat hulle alles wat Afrikaans is, simboliseer. Andersdenkendes word vervolg en word onder hulle eie mense voorgestel as ketters en as onafrikaans.

Hierdie mense beskou hulle self as die as waarom die Afrikaner masjien draai. Hulle dryf die Afrikaners in kampe uiteen en vervreem volksgenote van mekaar. Teen hulle moet gewaak word.

VERSCHEIDENHEID

Wat wel waar is, is dat daar binne die geleedere van die Afrikaner ook ruimte is vir verskeidenheid. Hierdeur word aangevul en reggeskaaf.

Aan die ander kant moet daar

gewaak word teen die aanhangers van die sintese-idee. Volgens hierdie mense moet daar altyd 'n middeweg gesoek word. Beginsels moet uitgeklassifiseer word dat hulle almal kan pas. Die mense wat hierdie pad loop, is mense sonder bestemming. Sulke leiers is dryfkragloos en vaar nie doelgerig nie. Nee, vaste en omskrewe beginsels moet nagevolg word.

NEGATIEF

Indien leiers dan verskil moet hulle mekaar deur gedagtewisseling probeer vind. Veral as mense dieselfde doel probeer dien, is dit dwaas dat hulle mekaar probeer afstoot. Laasgenoemde is in elk geval 'n negatiewe handeling wat vermy moet word.

J. M. T. LABUSCHAGNE

Oosterhof skaak helfte van „Groep Twee”

Dit is nog 'n vraag wie die meeste verbaas was — Gert van Tonder, wat vinnig en „hardhandig” na Oosterhof se sitkamer vervoer is of die verfynde vier eerstejaar-dametjies van Oosterhof, — omdat Gert so maklik in die lokval getrap het.

Met sy verbaasde „O, 'n skakery né” is hy vinnig deur die dames van rigting verander en na die kafeteria geneem.

VERHOOR

Hier is hy baie vriendelik ontvang deur een van die Huiskomitee-lede (alhoewel onder strenge bewaking van die 160 Oosterhof-dames) en is dadelik „verhoor.” As losprys vir sy eie vryheid moes hy vyf grappe vertel — en is hy 'n man wat 'n mens kan laat skater met sy kwinkslae! Maar somer so kon Oosterhof hom nie laat gaan nie—wat darem te maklik is, is te maklik.

LAPELWAPEN

Hy moes toe maar, die eenvoudige paadjie wat alle manne volg, wanneer hulle sonder 'n

sleep-rede na Oosterhof toe kom, ook volg. Hy is „pragtig” gegriem en het as beloning vir sy sportiewe gees 'n Oosterhof-lapelwapen ontvang.

Ligthelm word buitengewone professor

Prof. S. P. Ligthelm, hoof van die departement Industriële Chemie, is deur die Universiteitsraad aangestel as buitengewone professor in die departement vanaf 1 Januarie 1968. Die stap volg op prof. Ligthelm se onlangse bedanking.

Prof. J. J. A. van der Walt is aangestel as hoof van die departement Musiek in die plek van wyle prof. Roode.

Oud-Pukke hou re-unie

Oud-Pukke uit die jare 1955—1960 het tydens Intervarsityweek op Potchefstroom bymekaargekom vir 'n reunie.

Die reunie, wat bygewoon is deur 'n groot groep oud-studente van oor die hele land, het verlede Vrydagaand 'n aanvang geneem met 'n dinee in 'n plaaslike hotel.

Saterdagoggend is die besoekers onthaal op tee en versnaperinge in die kafeteria, waarna hulle die universiteitsterrein besigtig het.

Na 'n braaivleis op die Oude Molenterrein is die reunie afgesluit met die bywoning van Intervarsity.



Elke Sigaret
n Meesterstuk

Produkt van Suid-Afrika

PUKKE KLOP WESTELIKES

Die P.U. se eerste rugbyspan het Saterdag vir 'n goeie telling gesorg toe hulle met 22 teen 11 vir Westelikes geklop het. Die ligawedstryd is op die Pukke se tuisveld gespeel.

Hoewel die hanteerwerk aan beide kante soms veel te wense oorgelaat het, is dit die Pukke se planmatige spel wat die deurslag gegee het.

Dries du Plooy het weer eens bewys dat hy vir enige span 'n bate kan wees. Hy het nl. 13 van sy span se punte aangeteken. Hy het twee vervyfskoppe en drie strafskoppe deur die pale geklits.

AGTERLYNBEWEGINGS DRIEË

Die ander punte het gekom van drieë deur Ibert Joubert, Theuns Kruger en Gerhard Botha. Die drieë van Ibert Jou-

Huis Rus wen weer

Huis Rus het Saterdag daarin geslaag om nogeens 'n oorwinning te behaal. Hulle het in 'n ligawedstryd daarin geslaag om met Fochville af te reken.

Die eindtelling was; Huis Rus 8, Fochville 3. Huis Rus se punte het gekom van twee drieë van linkervleuel Piet Albertyn, waarvan een deur losskakel W. Smith vervyf is. Fochville se punte was 'n onvervyfde drie deur M. Collins.

BESERINGS

Beserings het Huis Rus verhoed om hul hardlooprugby te speel. Nogtans het hulle deur met die voorspelers te dryf versker dat hulle oortuigend gewen het.

Huis Rus is nou voor in die Liga en dit lyk nie of hulle gekeer kan word om die liga te wen nie.

Wen en Verloor

Ongelukkig is in die vorige uitgawe van Die Wapad berig dat die Pukke die netbalwedstryd teen die Kovsies gewen het. Die Kovsies het die wedstryd gewen met 27-23. Die Puk se Aptekers het hul rugbywedstryd met 16-0 gewen en nie verloor soos in Die Wapad vermeld nie.

Pukke blink uit in wedstryd

Danksy die ywer van prof. F. J. Labushagne, oud-hoogleraar in Afrikaans-Nederlands aan die P.U., is daar verlede week vir die eerste keer in jare weer 'n kunswedstryd op Potchefstroom aangebied.

Op die kunswedstryd, wat vanaf Maandag tot Vrydag geduur het, het mej. Lorene du Plessis van die P.U. in die afdeling Klavier vier diplomas verower met 'n gemiddelde van tussen negentig en honderd persent.

Mej. Rina Hugo, 'n ander P.U.-student, het ook 'n A-simbool in die afdeling Klavier verower.

WISSINGS NA NEDERLAND

Mnr. D. P. Wissing, lektor in Afrikaans-Nederlands, en mev. Marie Wissing, lektrise in Sleikunde, verlaat Potchefstroom eersdaags vir 'n driejarige verblyf in Nederland.

Beide mnr. en mev. Wissing gaan vir doktrale studie na die Vrije Universiteit van Amsterdam. Hy gaan algemene taalwetenskap bestudeer en sy gaan in die latynse sielkunde

bert en Gerhard Botha het beide gevolg op pragtige agterlynbewegings.

Die P.U.-span het vir harde voorspelerspel en verrassende bewegings gesorg. Westelikes kon net nie die pas volhou nie, en in die laaste tien minute van die spel was die Pukke knaend op die aanval.

DOODSNIKKE

Dit is dan ook in die doodsnikke van die wedstryd dat hulle die punte opgestoot het, nadat hulle vir 'n groot deel van die tweede helfte gelykop met Westelikes was. Die rustyd telling was 8-6 in die guns van die Pukke.

Westelikes se punte het gekom van 'n vervyde drie en twee strafskoppe.

TWEEDESPAN

Ook die P.U. se tweede span het met die van Westelikes afgereken in die mooi telling van 21-3. P.U. se punte is aangeteken met vyf drieë deur K. Venter, K. Kirstein, B. de Klerk, F. Swart en F. van Vuuren. Twee

van die drieë is vervyf deur S. Venter.

Westelikes se punte is aange-teken deur linkervleuel Botha met 'n drie.

Pukke skitter in gimnastiek

Op die Wes-Transvaalse Gimnastiekkampioenskappe die 17de en 18de Augustus het die Puk besonder goed presteer deur in twee items eerste plekke te behaal.

Die derdegraad reeks is gewen deur Dawid van Baalen en die tweedegraad reeks deur Noleen Oberholzer. Dit is voorwaar 'n skitterende prestasie.

LOUIS VAN WIJCK PALM NOG 'N TITEL IN

Louis van Wyk van die P.U. het Saterdagmiddag die jaarlikse sewe myl-padwedloop by die Germistonse meer gewen. Sy tyd van 33min. 42sek. is 47 sek. vinniger as die vorige rekord. Hy is reeds die houer van die Suid-Transvaalse en Wes-Transvaalse landlooptitels.

Hiermee het Louis getoon dat hy reg is vir die Suid-Afrikaanse kampioenskappe aanstaande



Dries du Plooy wat sy Wes-Transvaalse rugbytrui teen N.W.K. verwerf het. Die wedstryd word die 2de September op Upington gespeel. Theuns Kruger is as reserwe gekies vir Wes-Transvaal. Vir hom is dit beslis 'n besondere prestasie.

KOVSIIE-RUGBYSPELERS TOER NA BRITTANJE

Die Shimlas, 'n rugbyspan bestaande uit huidige en oud-studente van die Universiteit van die Vrystaat, sal vroeg aanstaande jaar 'n toer in Brittanje onderneem waar hulle altesaam nege wedstryde teen universiteitspanne sal speel.

Die span sal uit 27 of 28 spelers bestaan en deur twee bestuurders, mnr. G.J. Visser en Prof. Wickie Mostert, vergesel word.

Dit sal ook 'n opvoedkundige toer wees. Voor die eerste wedstryd word Rome, Frankfurt en Amsterdam besoek. Na die toer gaan die span na Parys, Zurich, Barcelona, Madrid en Lissabon. Daar sal ook lesings vir die spanlede gegee word en hul sal die kans kry om laboratoriums te besoek. Die spelers sal op die toer by studente van ander universiteite gehuisves word.

OUD-STUDENTE

Die Oud-Studente wat genader is, is Gert Celliers, Sakkie van Zyl (Springbokke) en Gerhard de Haas, Willie Strydom, Piet de Wet (Provinsiaal). Die Kovsies self beskik oor Steve Strydom, Louis Smit, Danie Coetzee, Joggie Jansen, Niv Bojé, Johan van Schalwyk, Stoffel Botha, Nico Louw, Hennie van Zyl, Gerrit Coetzer, Koekoos Reinecke en Ben van Rensburg.



Verlede Donderdag het twee besoekende Duitse vroue-gimnaste 'n demonstrasie in die Puk se gimnastieksaal gelever. Heel regs op die foto verskyn mej. K. Fiebrandt en mej. J. Nicolai. (Foto: Fotokuns)

Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom. Uitgewers: Die Studenteraad P.U. vir C.H.O.

„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief...“

Turkstra

te kry by u kafeteria

Reël doen skade

Alex Veysey, sportredakteur van The Dominions in Nieu-Seeland berig dat vier Britse Rugbyunies die rugbyreël wat bepaal dat indien 'n speler op die veld beseer word, 'n ander speler nie sy plek mag inneem nie, uitmekaar getrek het.

Veysey haal Ron Elvidge, 'n gewese All Black-speler aan: „Medies gesproke maak 'n speler wat 'n besering opgedoen het dit net erger deur weer op die veld te verskyn. Maar die druk wat op hom uitgeoefen word deurdat 'n ander nie sy plek mag inneem nie, laat hom deurdruk.“

VOORVALLE

Verder wys hy op voorvalle wat aantoon dat die reël rugby net skade aandoen. Hy wys op die onlangse wedstryd tussen Nieu-Seeland en Australië toe Phil Smith, senter van die Australiese span, 'n skouerbesering opgedoen het maar besluit het om met die spel voort te gaan.

Pote Geklop

Die Heidelbergse Onderwyskollege het gister op Pam Brinkstadion daarin geslaag om Pote met 6-3 te klop om sodoende daarin te slaag om die eindronde van die noordelike provinsies vir Onderwyskollege te haal.

Hulle sal nou in die eindronde teen die wenner van Wellington en Graaf-Reinet speel. Die Suid-Afrikaanse Rugbyraad sal beslis waar die wedstryd moet plaasvind.

Tienie Krugel het H.O.K. se punte aangeteken met 'n drie en 'n skepskop. Rabie het Pote se enigste punte met 'n drie behaal.

Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

Tomstraat 92

Telefoon 5032

POTCHEFSTROOM

— Ons hou alles aan wat dames benodig —

Van ditjies en datjies
en rokkies en frokkies,
tot jassies en sokkies.